

Hoofstuk: 3&4 Paragraaf: 16.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<p>Die mens het egter deur die sondeval nie opgehou om 'n mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood. Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die wonderlike Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil</p>	Psalm 51:12	Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees.	Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.
	Romeine 8:2	Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.	Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.
	Efesiërs 2:1	En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes	Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes
	1 Filippense 2:13	want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.	want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort.			
---	--	--	--